

PLATINUM Weekblad/Weekly

# SPORT

# SOOS VISSE IN DIE WATER!



Gideon Wolmarans aan linkerkant.


Marinet van der Walt

**Rustenburg** – Die volgende leerlinge van Bergsig Akademie het puik presteer by die NTS Invitational Gala tussen 2-4 Februarie te Pretoria.

Chris Nel (kategorie: 13-14jr) kom 8ste in die 100m rugslag. Marinet van der Walt (kategorie 13-14jr) verower 3 plekke: 7de in die 100m vlinderslag; 3de (Brons) in die 100m rugslag; en 7de in die 200m rugslag.

Gideon Wolmarans (kategorie: 13-14jr) verower 5 plekke: 2de (Silwer) in die 1500m vryslag; 3de (Brons) in die 400m vryslag; 3de (Brons) in die 200m IM; 1ste (Goud) in die 400m IM; en 3de (Brons) in die 200m vryslag.

# 2018 Rugby Chunks

**Bulle vs Stormers**

In Wellington eindig die oefenlopie toe gelykop met 26 elk. Beide die *coaches* was nou nie te spraaksaam na die afloop van die *game* nie. Slegte nuus vir die Stormers is die bul voorry Wilco Louw wat 'n heupbesering opgedoen het, wat hom ten minste vier weke op die kantlyn gaan hou.

Die wedstryd was teen 'n hoë tempo gespeel. Beide spanne lyk of hulle die bal wil lug gee in 2018. Die Stomers se eerste *game* is op 17 Februarie teen die Jaguares. Die Bulle kon die *game* gewen het as die die Libbok se strafdoel poging deur die pale was.

**Sharks vs Racing 92**

Die Haaie het nogal skerp gelyk in hulle *friendly* teen die Franse bulspan Racing 92 en wen 31-14. Die hand van Dick Muir kon duidelik gesien word met die puik agterspel van die Haaie. Die agterlyn het gekook terwyl die los trio ook hulle kant gebring het. Dít sonder die verskriklike Du Preez boeties. Hier kom 'n ding ou grote…

Die Haaie skop die 2018 superreeks teen die Leeus wat beloof om 'n riller te wees.

**Blitsbokke**

Die Blitse neem wraak teen Engeland en die *Aussies* onderskeidelik, maar gaan staan en verloor wragtig teen Fidji in die finaal. Nou gaan twee ysters ook die groep moet verlaat... Kwagga en Seabelo gaan nou weer Superruggas speel.

Die grootste nuus die week langs 'n ou vuurtjie was die afskeid van Toetie… Lank lewe Rassie!

**Nag ou grote...**

# TREK JOU 2018-TOKSE AAN!

**Rustenburg** – Die jaar het afgeskop en Impala se manne is alreeds hard aan die oefen. Die klub se algemene jaarvergadering vind plaas op Dinsdag, 13 Februarie by die klub om 18h30. Nominasie vorms is beskikbaar by die klub.. Alle Impala rugby lede moet asseblief kennis neem van die vergadering.

Enige iemand wat by die Rustenburg Impala klub wil aansluit, is meer as welkom om hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299. Oefentye vir die o/19 en o/21 en senior spelers is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30.

"Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun. Kom loer gerus!" sê Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheids-bestuurder.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Pieter Naude bied aan: Valentyn's Dans | 9 Feb' 18 | RTB: Van Zyl Saal | 083-248 8504 | jpswanepoel57@gmail.com |
| 2nd Quarterly Public Lecture: Importance of an Independent Democracy | 10 Feb '18 | RTB: Ga-Luka Community Auditorium | 079-339 7869 | lukasportsinstitute@gmail.com |
| Impala Rugbyklub: Algemene jaarvergadering | 13 Feb' 18 | RTB: Impala Rugbyklub | 082-926 8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| Valentine's Day | 14 Feb '18 | RTB: Kedar Heritage Lodge | 011-950 6000 | themba.mahleka@rali.co.za |
| Rudi Claase en Charné Hugo | 14 Feb '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |
| Jakkie Louw en Riaan van Rensburg | 16 Feb '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |
| Heritage talk: Jan Smuts 'Unafraid of Greatness' | 21 Feb' 18 | HARTIES: Meerhof Lodge | 071-382 5905 | mike@meerhoflodge.co.za |
| Jak de Priester | 23 Feb '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |
| Touch of Class | 28 Feb '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |
| Touch of Class | 1 Mar '18 | RTB: Tarentaal Teater | 079-221 3044 | maryna@tarentaalteater.co.za |